Sinergie Taakspan Verslag

23 November 2020

1. OPDRAG VAN DIE TAAKSPAN

Die Kerkrade van NGK George Suid en NGK George Tuinedal-gemeentes het hierdie gesamentlike taakspan saamgestel om die twee kerkrade te bedien met ‘n objektiewe verslag oor die moontlikhede van toekomstige samewerking (sinergie) tussen die twee gemeentes.

2. TAAKSPANLEDE

Die taakspan is saamgestel uit NGK George Suid en NGK George Tuinedal-lidmate wat deur die onderskeie Kerkrade genomineer is. Marinda Swart tree op as fasiliteerder van die proses.

NG George Suid	**NG George Tuinedal**
Ds. Johann Winterbarch	Ds. Pieter van Santen
Ds. Riekie Wilken	Ds. Cor Swart
Annelise Oosthuizen	Johannes Jumat
Ben Redelinghuys	Koos van Tonder
Celestine Kruger	Lydia Lamprecht
Jack Moolman	Willem Jacobs
Johan Jacobs	Jannie Joubert
Mariné Heyns	Tania van Vuuren
Sonja Schoeman	Betsie Stols

3. POSISIONERING VAN DIE TAAKSPAN SE WERK

- ***Kom ons soek na God***
  Om te dink oor die toekoms van die kerk begin altyd by ‘n soeke na God. Wie is God? Hoe help “kerk-wees” ons om God te leer ken? Onthou: God is die Pottebakker – Hy is die Een wat herskep, nuut skep, ons tot Sy eer en na Sy beeld vorm. Hand 17:27

- ***Kom ons dink nuut***
  Hierdie is ‘n geleentheid om nuut te dink oor hoe die Here die kerk van die toekoms in Sy koninkryk in George wil gebruik.

- ***Kom ons groei saam en leer by mekaar***
  Hierdie is ook ‘n proses van geloofsgroei vir elke taakspanlid. Gebruik die geleentheid om stil te word by die Here. Kom ons luister mooi na mekaar – die Here bevestig altyd Sy boodskap. Ons leer mekaar ken en soek saam na God se wil.

- ***Kom ons dink en bid saam oor sinergie***
  Hierdie is nie ‘n strategiese proses vir die twee afsonderlike gemeentes nie, maar wel ‘n geleentheid om saam sinergie te ondersoek.

Wat is **sinergie**?

HAT-definisie: Sinergie is die samewerking van verskillende dinge en middele sodat die geheeleffek groter is as die som van die twee effekte afsonderlik. DUS: 1 + 1 = 3+

Die vraag wat die taakspan ondersoek, is of daar moontlikhede is vir:

1	+	1	=	3+
Tuinedal	+	George Suid	=	Iets beter / Iets nuuts ?

Die taakspan het gefokus op die ***Hoekom?*** en ***Wat?*** van moontlike sinergie. Die ***Hoe?*** vraag is buite die opdrag van die taakspan.



Die ***Hoe?*** vraag sal eers geaddresseer word nadat die Kerkrade die taakspan se verslag bestudeer het en ‘n beginsel besluit geneem het of die ***Hoe?*** verder ondersoek moet word.

4. PROSES EN UITKOMS

Oor die loop van ses werksessies het die taakspan op die volgende gefokus:

0. 16 September: Verwelkoming, ken-mekaar en proses
1. 30 September: Hoekom is dit nodig om te dink oor sinergie?
2. 7 Oktober: Wie is God en wat is Sy doelwit vir Sy kerk?
3. 14 Oktober: Wat is God se droom vir ons twee gemeentes – deel 1?
4. 21 Oktober: Wat is God se droom vir ons twee gemeentes – deel 2?
5. 4 November: Hoe lyk die droom binne die konteks van sinergie?
6. 8 November: Afsluitingsete en saamkuier

Die res van hierdie verslag gee ‘n opsomming van die uitkoms van hierdie werksessies.

4.1 HOEKOM IS DIT NODIG OM TE DINK OOR SINERGIE?

Die taakspan is dit eens dat daar ‘n hele paar redes is om oor sinergie na te dink. Vir beide gemeentes is die volgende van betrekking:

- God vernuwe gedurig: In lyn met ons gereformeerde tradisie, moet die kerk voortdurend nuut dink oor kerkwees. Ons moet in ’n moderne (2020) konteks steeds die waarheid van die evangelie aan die gelowiges in George eietyds en relevant verkondig.
- Eksterne konteks: Covid-19 het ons eredienste en kerkpraktyk direk beïnvloed. Eredienste in kerkgeboue gaan vir lank anders aangebied word, terwyl positiewe aspekte soos huiskerk / aanlynkerk begin is. Basaars en ander kerkbyeenkomste lyk ook anders.
- Aanwending van hulpbronne: Twee gemeentes binne ’n kilometer van mekaar bedien dieselfde lidmate (met dieselfde behoeftes, skole ens.) Die deel van geboue, personeel en gesamentlike projekte sal in albei gemeentes se belang wees.
- Veranderende gemeenteprofiele: Lidmaatgetalle neem af en ouderdomsprofiel raak stelselmatig ouer. Dit het ’n direkte invloed op die effektiewe bediening en finansies van die twee gemeentes.
- Gemeentebediening en betrokkenheid: Gemeentebedieningsbehoeftes is besig om te verander en minder mense is betrokke.
- Gemeenskapvoetspoor: Die koskombuis wat George-Suid en Tuinedal saam tydens die inperking bedryf het, is ’n bewys dat die gemeentes spontaan kan saamwerk om ’n verskil in die gemeenskap te maak.

4.2 WIE IS GOD EN WAT IS SY DOELWIT VIR SY KERK?

Op die vraag: “Wie is God?” is die volgende konklusie bereik, binne die konteks van die sinergie gesprek (let daarop dat Jesaja 45:2-6, Jesaja 54:2-3, Jesaja 55:1-13, Handelinge 17:24-28 as fokustekste gebruik is):

- God kan nie beperk word nie
- Hy lei en sorg vir Sy kerk
- Hy is die God van die toekoms
- God is in beweging en uitbreidend
- Hy is ’n permanente vennoot
- Hy gee oorvloedig
- God is baie groter as wat ons dink en besef
- Hy dink nie soos ons nie en werk nie soos ons nie
- Hy is onveranderlik, alomteenwoordig en die Gans Andere

Op die vraag: “Wat is kerk?” het die taakspan soos volg geantwoord:

- God staan sentraal
- Moet konneksie met God en met mekaar bewerkstellig en verdiep
- Is ’n geloofsgemeenskap
- Fasiliteer gelowiges se geloofsreis saam met ander gelowiges
- Kerk is baie meer as die erediens op ’n Sondag
- Kerk moet dissipels maak

Op die vraag: “Wie wil God deur die kerk bereik?” het die taakspan geantwoord:

- Daar moet plek vir almal wees (inklusief)
- Diversiteit van behoeftes moet aangespreek word
- Moet ’n verskil in ons gemeenskap en die res van die land / wêreld maak

In die lig hiervan, het die taakspan die volgende **eienskappe van ’n geloofsgemeenskap** geïdentifiseer:

- Ken: Gelowiges ken mekaar en daar vind interaksie met mekaar plaas. Lidmate is deel van kleingroepe wat mekaar en die gemeenskap bedien.
- Omgee: Gelowiges dra mekaar en daar is ’n diepe vertroue. God se liefde word duidelik in ons omgee vir mekaar.
- Groei: Geloofsgroei vind plaas deur die deel van lewenservaringe, mentorskap en ’n diepe soeke na God.
- Uitreik: Gelowiges se voetspoor is duidelik in ons gemeenskap sigbaar – deur ’n aktiewe en praktiese uitleef van ons gawes.

4.3 WAT IS GOD SE DROOM VIR ONS TWEE GEMEENTES?

Ons “kerkwees” en “eienskappe van geloofsgemeenskap” soos hierbo uiteengesit, het die basis gevorm vir verdere gesprekke oor die droom wat God vir ons gemeentes het. Die fasiliteerder het aan die hand van beste praktyke van verskeie modelgemeentes (suksesvolle gemeentes in SA en die VSA), ’n raamwerk opgestel waarvolgens die taakspan God se droom vir ons gemeentes kon uiteensit, ons gemeentes se huidige situasie kon evalueer en fokusareas identifiseer (sien Aanhangsel A). Hierdie raamwerk is verdeel in vier kategorieë met tipiese praktiese gemeentebedieninge en -aktiwiteite in elk van die kategorieë:

- Bediening en samekomste in die gemeente
- Gemeenskap voetspoor (George omgewing)
- Gestuur en sending-gerig (wyer as George)
- Instaatstellers (finansies, eiendom, personeel, administrasie, ens)

Binne hierdie raamwerk het die taakspan ernstig oor die volgende vrae gebid en besin:

- Wat is die droom wat God op ons harte lê om sy doelwit met ons gemeentes hier in George te bereik?
    - Spesifieke aktiwiteite wat die droom sal adresseer en hoe moet dit lyk as dit werk?
    - Watter eienskappe van ons geloofsgemeenskap word aangespreek deur hierdie droom? (Ken / omgee / groei / uitreik)
- Hoe vergelyk ons huidige gemeente-aktiwiteite met die droom?
    - Wat moet ons aanhou doen?
    - Wat moet ons anders doen?
    - Wat moet ons begin doen?
    - Wat moet ons staak?

Die taakspan het geloofsonderskeidend TWAALF hooftemas geïdentifiseer soos wat God die droom op ons harte gelê het. Let daarop dat alle gemeente-aktiwiteite belangrik is, maar dat hierdie twaalf hooftemas geprioritiseer is ten einde op ‘n vars manier daaroor te dink en sinergie te ondersoek. Elkeen van hierdie temas is daarna in detail bespreek. Hiermee ‘n samevatting van elke tema:

4.3.1 Eredienste

Eredienste is ‘n sentrale deel van gemeentelewe. Die volgende eienskappe van eredienste is uitgelig as fokusareas vir die toekoms:

- Kontinuïteit van predikers
- Deelnemendheid en interaktiwiteit
- Bemagtiging van lidmate
- Prakties en relevante aanbieding
- Geestelike verdieping wat oorgaan in aksie
- Diversiteit van erediens inkleding
- Aanlyn/huiskerk moet as aanvullend en komplimenterend aanhou (veral in die lig van COVID-19)

4.3.2 Musiekbediening

Die gebruik van musiek in ons lofprysing en aanbidding tot God speel ‘n baie groot rol. Die volgende was fokusareas vir die toekoms:

- Om musiek meer te gebruik as voertuig om energie te skep
- Mense wil meer sing – nie net in eredienste nie, ook in ander sanggeleenthede
- Balans van musiekkeuses om eietydse musiek in te sluit
- Spesiale feeste/dienste moet benut word

4.3.3 Groepbediening (kleingroepe)

Kleingroepe is die voertuig vir geloofsgemeenskap. Mense vind slegs ‘n tuiste in ‘n gemeente as hulle binne die konteks van enige vorm van kleingroep ken, omgee, groei en uitreik, beleef. Kleingroepe kan bybelstudiegroepe, dissipelskapgroepe, jeuggroepe, jong werkendes, mannegroepe, vrouegroepe, enkelouergroepe, seniorburgergroepe, gesinne, belangegroepe, ens. insluit – solank die betrokke kleingroep die eienskappe van geloofsgemeenskap uitleef (m.a.w. dis nie gewone “social” groepe nie).
Fokusareas is soos volg uitgelig:

- Kleingroepe moet daadwerklik aangemoedig word
- Identifisering en toerusting van kleingroepleiers
- Kleingroepmateriaal om kleingroepe leiding te gee

4.3.4 Gesinsbediening (insluitend jeugbediening)

Gesinsbediening is ‘n belegging in ons kinders en gesinne (en ook ons gemeentes) se toekoms. Baie sterker fokus word benodig. Kinders moet deel wees van ‘n geloofsgemeenskap. Ouers en grootouers moet betrek word sodat die hele familie bereik word. Fokusareas sluit in:

- Nuut dink oor eredienste en gesinsbediening
- Nuut dink oor kategese en jeuggroepe
- Praktiese maniere wat gesinne help om te ken/omgee/groei/uitreik

4.3.5 Ondersteuningsgroepe

Hierdie tema handel oor spesifieke versorgingsgroepe, bv. “divorce care”, “grief share”, kankerondersteuning, ens. Die bediening gaan daaroor om mense binne en buite gemeentegrense te help met “die lewe”. Hierdie is nie amptelike/professionele berading nie, maar eerder groepe vir emosionele, geestelike en praktiese ondersteuning van mense wat deur swaar tye gaan. Die volgende fokusareas is geïdentifiseer:

- Begin met ondersteuningsgroepe
- Ondersoek ander gemeentes waar hierdie ondersteuningsgroepe goed funksioneer
- Ondersoek professionele netwerk waarheen mense ook verwys kan word

4.3.6 Nuwe intrekkers

Nuwe intrekkers en besoekers is ‘n groot geleentheid vir uitreik as geloofsgemeenskap.
Fokusareas sluit in:

- Ondervang besoekers en nuwe intrekkers onmiddellik
- Maak kontak en betrek nuwe intrekkers so gou as moontlik
- Beter benutting van kommunikasie en bemarkingskanale om mense te bereik

4.3.7 Uitreik na nuwe uitbreidings

Met die stadsraad se beplande uitbreidings in George beteken dit dat heelwat nuwe huisgesinne binne ons gemeentegrense hervestig. Hierdie is ‘n uitreikgeleentheid en ‘n geleentheid om mense by ons gemeentes te betrek. Ons fokusareas moet hierdie geleentheid soos volg adresseer:

- Verstaan nuwe uitbreidings se behoeftes
- Identifiseer spesifieke projekte waarby die gemeenskappe kan baat
- “Infiltreer” nuwe gemeenskappe rondom spesifieke behoeftes of projekte

4.3.8 Vennootskap met skole

Die gemeentes is baie geseënd dat daar verskeie skole binne ons gemeentegrense geleë is. Vennootskappe met die skole kan verder uitgebrei word om ons kinders en hulle ouers meer effektief te bedien. Daar kan gefokus word op:

- Behoeftige kinders in skole (finansieel en geestelik by te staan)
- Jeugmentors in skole beskikbaar te stel
- Programme vir ouers / leerders (bv. Positiewe Ouerskap)

4.3.9 Gemeenskapsentrum

Die gemeentes moet ’n duidelike verskil in die gemeenskap waar ons woon en werk (plekke van hoop waar God se liefde duidelik sigbaar word) maak. Gemeente-eiendom en gawes van lidmate kan vrugbaar aangewend word om dit te bewerkstellig – nie net as ‘n bron van ekstra inkomste nie, maar as ‘n manier om uit te reik in die gemeenskap. Fokusareas wat verder ondersoek moet word:

- Vaardigheidsontwikkeling
- Gemeenskapsentrum / -tuin

4.3.10 Finansies en eiendom

Ons finansies en eiendom moet aangewend word om God se droom vir ons gemeentes te realiseer – dit skep ‘n basis vir die ondersteuning van die gemeentes se bedieninge. Ons finansiële prioriteite moet ook hierdie droom reflekteer. Die verhuring en aanwending van ons eiendomme is ‘n groot geleentheid om finansiële stabiliteit te bring en vaste kostes van die gemeentes te dek sodat die gemeente kan fokus op die ander fokusareas soos hierbo uiteengesit. Fokusareas waarop beide gemeentes tans fokus is:

- Effektiewe aanwending van finansies
- Finansiële bestuur en uitgawe beheer
- Verhoging van lidmaatbydraes
- Eiendom verhuring en maksimale benutting

4.3.11 Leierskap

Die leierskap bepaal die visie en strategie van die gemeentes. Die leraars en leierskap (insluitend kerkraad, kleingroepleiers, bedieningsleiers) moet almal saam werk om die droom van die gemeentes te realiseer. Leiers moet meer sigbaar wees in die gemeentes, betrokke wees by gemeenteaktiwiteite/besluite en eienaarskap neem om die droom te help realiseer. Die volgende aksies kan die leierskap in die gemeentes versterk:

- Leiers moet vanuit die kleingroepe (ontdek jou gawes) geïdentifiseer word
- Leiers moet ontwikkel, toegerus en bemagtig word (deur bv. “coaching”, materiaal beskikbaar te maak, mentors)

4.3.12 Kommunikasie en bemarking

Die gemeentes en ons bedieninge (wat ons doen) moet baie meer effektief bemark word. Ons kommunikasie en bemarking moet geïntegreer word met ons bedieningspraktyk (gemeentelede en die gemeenskap moet bewus wees van aktiwiteite wat beplan word, maar ook wat is die uitkoms van aktiwiteite – die storie moet vertel word na afloop van ’n suksesvolle aksie). Die gemeentes se voetspoor in die gemeenskap moet sigbaar gemaak word deur ons stories van hoop te vertel, ons uitreik aksies te deel (bv. die koskombuis) en ons persoonlike geloofservarings en getuienisse te deel. Gemeentelede moet ook aangemoedig word om aktief die positiewe dinge wat in ons gemeentes gebeur te vertel aan ander (“word of mouth”).

Fokusareas vir verdere aksie:

- Maak beter gebruik van tegnologie (bv. die Kerk Toepassing en sosiale media platforms).
- Maak iemand spesifiek verantwoordelik vir kommunikasie en bemarking

4.3.13 Ander

Die volgende temas het ook na vore gekom om oor nuut te dink, as deel van God se droom vir ons gemeentes, maar is nie in besonderhede bespreek nie:

- Uitreike en sending
- Verdere gemeenskapsbetrokkenheid (bv. vennootskappe met VGK, maatskaplike werker, kospakkies, ouetehuis, tronk)
- Gemeentestrukture en -bedieningsmodel
- Gemeente-aktiwiteite om ken en omgee te bevorder (bv. retreats, gemeentekampe, staptoere)

Dit is belangrik om daarop te let dat alle gemeentebedienings en aktiwiteite nie in volledigheid bespreek is nie. Die fokus van die taakspan was op die bedieninge en aktiwiteite wat wesenlike nuwe denke vereis vir die toekoms. Daarom is daar belangrike bedieninge en aktiwiteite wat tans in beide gemeentes gebeur wat moet aanhou bv. pastoraat, siekebesoek, huweliksvoorbereiding, ens.

4.4 HOE LYK DIE DROOM BINNE DIE KONTEKS VAN SINERGIE?

Aan die hand van die droom definisie en die fokusareas wat geïdentifiseer is, soos uiteengesit in 4.3 hierbo, het die taakspan die volgende SES temas uitgelig. Hierdie ses temas leen hulle daartoe om in sinergie saam deur die twee gemeentes verder ondersoek en ontwikkel te word tot voordeel van beide gemeentes (sien aangedui in die "Begin doen" kolom in Aanhangsel A). Die dinge wat die taakspan hieronder gelys het, fokus op die "WAT" gedoen moet word, en nie op die "HOE" nie. Spesifieke aandag is gegee aan geleenthede vir sinergie. Dit is nie noodwendig 'n volledige lys nie.

4.4.1 Groepbediening (kleingroepe) – verwys na droom in 4.3.3

Sinergiegeleenthede:

- Dink saam oor die benadering, struktuur en werking van groepsbediening – die kerk moet ruimte en struktuur skep, asook proses fasiliteer vir kleingroepe.
- "Gemengde groepe" tussen die twee gemeentes kan gestig word sodat mense met dieselfde belange mekaar beter kan leerken.
- Bied saam toerusting geleenthede aan vir die leiers van groepe.
- Gemeentes kan saam materiaal vir kleingroepe ontwikkel.
- Praktiese temas (om lidmate met die lewe te help) moet aangespreek word.
- Sterk koppeling / raakvlakke met gesinsbediening.

Dinge wat die gemeentes op hulle eie kan doen:

- Leiers vir kleingroepe moet geïdentifiseer word.
- Mense moet aangemoedig word om self groepe te vorm.
- 7-weke groepe, asook groepe met langertermyn fokus kan geskep word.
- Natuurlike groepering (volgens behoeftes, lewensfase ens.) moet plaasvind.
- Getuienis geleenthede moet geskep word.

4.4.2 Gesinsbediening – verwys na droom in 4.3.4

Sinergiegeleenthede:

- Gemeentes kan saam beplan aan gesinsbediening inisiatiewe.
- Praktiese saam-doen geleenthede (gesinsdienste, "fun experiences", kampe).
- Materiaal vir gesinsbediening kan saam ontwikkel word.
- Heroldbaai se jeug-oord kan benut word.

Dinge wat die gemeentes op hulle eie kan doen:

- Bou vertroue met gesinne in die gemeente.

4.4.3 Ondersteuningsgroepe – verwys na droom in 4.3.5

Sinergiegeleenthede:

- “Griefshare” en “divorce care” groepe kan saam aangebied word.
- Dit hoef nie deur professionele persone aangebied te word nie (kerk tree op in vennootskap met professionele persone waarna ons mense met spesifieke behoeftes kan verwys).
- Vaste geleenthede moet geskep word.
- Diens moet vir die gemeenskap ook beskikbaar wees.
- Moet ’n baken van hoop wees.
- Doen navraag by mense soos Ds. Andre Killian en Ds. Frederick Nel oor strukturering van sulke groepe.
- Hierdie bediening kan ook aanlyn gebeur.

4.4.4 Nuwe intrekkers / Uitreik na nuwe uitbreidings – verwys na droom in 4.3.6/7

Sinergiegeleenthede:

- Daar moet in vennootskap met eiendomsagente gewerk word om nuwe intrekkers te identifiseer.
- Kommunikasie en bemarking is baie belangrik. Nuwe intrekkers moet van inligting pakke voorsien word (gemeentes moet aktief bemark word).
- Kuier geleenthede moet gereël word.
- Bedieningsgeleenthede moet gefokus wees om nuwe intrekkers (ook in die nuwe uitbreidings) te laat inskakel in die gemeentes.
- Vennootskap met die munisipaliteit kan verder ondersoek word oor hoe ons effektief in nuwe uitbreidings die gemeenskap kan bedien (bv. deur ’n gemeenskapsentrum wat ook vir eredienste gebruik kan word).

Dinge wat die gemeentes op hulle eie kan doen:

- Die verhuring van die kerkeiendom aan skole moet benut word. Daar is baie mense wat nou bewus raak van die gemeentes (sigbaarheid en mense wat op die terreine beweeg).

4.4.5 Vennootskap met skole – verwys na droom in 4.3.8

Sinergiegeleenthede:

- Die vennootskap met skole kan vrugbaar met die gesinsbediening doelwit gekoppel word.
- Vennootskappe met skole moet gaan oor “gee” en “weggee”, eerder as om te “kry”. Dit vergroot die gemeentes se voetspoor en bedieningsveld.
- Kerk kan praktiese behoeftes help aanspreek.
- Ondersoek uitreik- en bedieningsgeleenthede by skole.

- Indien die twee gemeentes saamwerk hoef skoolverhurings van eiendomme geen impak op gemeenteaktiwiteite te hê nie (bv. aanbied van begrafnisse).

Dinge wat die gemeentes op hulle eie kan doen:

- Die twee gemeentes beskik oor verskeie eiendomme wat aan omliggende skole verhuur kan word.

4.4.6 Kommunikasie en bemarking – verwys na droom in 4.3.12

Sinergiegeleenthede:

- Iemand kan oorsigtelik vir beide gemeentes die kommunikasie en bemarking behartig (‘n “champion” met kundigheid)
    - Alle moontlike platforms moet benut word (sosiale media, web-bladsye ens, Whatsapp ens.).
    - Moet eenvoudig en gebruikersvriendelik wees.
    - Moet in stand gehou word (moet op datum wees, maar ook maklik om op te dateer).
    - Styl is belangrik, asook koördinasie tussen twee gemeentes, verskillende aksies verseker.
- Beleid moet geformuleer word.
- Kundigheid in terme van klank by gemeentes (bv. erediensklankspanne) kan ook ingespan word vir kommunikasie inisiatiewe.
- Nood nommer foon moet ondersoek word (gesamentlike kontaknommer wat beman word in geval van nood).

5. SAMEVATTING

Die taakspan het tot die volgende gevolgtrekkings gekom:

5.1. Volgende stappe vir sinergie: Sinergie is nie net moontlik nie, maar nodig! Dit is die taakspan se mening dat die SES temas vir sinergie soos uiteengesit in 4.4 so gou moontlik verder ondersoek moet word om die “hoe” vraag te antwoord. Een praktiese moontlikheid is om vir elke sinergietema ‘n beplanningsgroep aan te wys wat saamwerk om die sinergiegeleenthede in besonderhede te beplan en uit te voer. Ons is van mening dat die twee gemeentes in 2021 reeds hierdie sinergiegeleenthede kan benut en as gemeentes kan saamwerk aan God se droom vir ons.

5.2. Inset tot die gemeentes se strategiese beplanningsproses: Die uitkoms van die taakspan se proses kan ‘n baie waardevolle inset wees vir beide gemeentes se strategiese beplanningsprosesse. Aangesien die sinergietemas net gefokus het op die “Begin doen” opsies, is dit die taakspan se mening dat die onderskeie kerkrade daadwerklik die “Anders doen” temas (verwys na Aanhangsel A) verder moet ondersoek en praktiese planne moet implementeer om dit te adresseer ten einde die droom wat die Here vir ons gemeentes het, te realiseer.

6. TEN SLOTTE

Na afloop van die taakspan se geloofsonderskeidende proses, was almal dit eens dat ons as groep mekaar op ‘n dieper, meer betekenisvolle manier leer ken het. Ons het gegroei as span, maar ook as individue deur ons soeke na God se wil vir ons gemeentes. Ons wil die onderskeie kerkrade bedank vir die geleentheid wat aan die taakspan gegee is om deur hierdie proses te gaan. Dit was werklik verrykend.

Ons is oortuig dat beide ons gemeentes ‘n diep behoefte het om die Here se wil vir ons toekoms te soek en uit te leef. Daarom glo ons die Here het hierdie proses aangevoer om beide gemeentes te help om Sy wil beter uit te voer. Dit is ons opregte gebed dat die uitkoms van die taakspan nie by hierdie verslag sal eindig nie, maar dat dit die begin sal wees van ‘n nuwe fase van vernuwing vir beide ons gemeentes – tot eer van God!

Verslag opgestel deur ds. Cor en Marinda Swart, November 2020.

Sinergie taakspan verslag Aanhangsel A

Wat is kerk?
+ Waar God sentraal is
+ Waar ons konneksie met God en met mekaar verdiep
+ Waar mense dissipels word en uitgestuur word na buite
= Geloofsgemeenskap

Wie wil God deur die kerk bereik?
Gemeente lidmate (plek vir almal, volle spektrum van ouderdomme en diversiteit)
Gemeenskap en die res van die land/wereld
(gaan dan na al die nasies en maak die mense my dissipels)

1 Praktiese droom om geloofsgemeenskap te verbeter		2 Watter eienskap word aangespreek? Geloofsgemeenskap				3 Hoe vergelyk ons HUIDIGE gemeente aktiwiteite/situasie met die droom? Die getalle verteenwoordig individuele taakspanlede se opinie							
						AANHOU soos nou		ANDERS doen		BEGIN doen = moontlike areas vir sinergie		STOP doen	
	Droom?	Ken	Omgee	Groei	Uitreik	Tuinedal	George Suid	Tuinedal	George Suid	Tuinedal	George Suid	Tuinedal	George Suid
Bediening en samekomste													
4.3.1. Eredienste	Erediense is 'n sentrale deel van gemeentelewe, deelnemend, interaktief, prakties en relevant, geestelike verdieping	ja	ja	ja		3	1	6	5				
4.3.2 Musiekbediening	Die gebruik van musiek in ons lofprysing en aanbidding moet meer gebruik word, sing meer!			ja		5		4	5		1		
4.3.3 Groepbediening (kleingroe	Kleingroepe is die voertuig vir geloofsgemeenskap.	ja	ja	ja	ja		1	4	1	6	4		
4.3.4 Gesinsbediening (insluitend jeugbediening)	Baie sterker gesinsbedieningfokus nodig. Betrek alle generasies.	ja	ja	ja	ja		1	2	3	5	5		
4.3.5 Ondersteuningsgroepe	Spesifieke versorging-groepe, bv "divorce care", "grief share", kankerondersteuning	ja	ja	ja	ja					6	7		
4.3.6 Nuwe intrekkers	Nuwe intrekkers en besoekers is 'n groot geleentheid vir uitreik as geloofsgemeenskap.	ja			ja			3		3	8		
4.3.13 Gemeente aktiwiteite	Bevorder ken en omgee (bv retreats, gemeentekampe, staptoere)	ja	ja			Nie in verdere detail bespreek							
Gemeenskap (George omgewing)													
4.3.7 Uitreik na nuwe uitbreidings	Groot uitreik- en groei geleentheid!	ja			ja					7	4		
4.3.8 Vennootskap met skole	Bediening aan kinders in die skole rondom ons gemeentes				ja					7	4		
4.3.9 Gemeenskapsentrum	Gebruik gemeente-eiendom en gawes om 'n verskil te maak in die gemeenskap				ja			6	1	1	4		
4.3.1 Verdere gemeenskap betrokkenheid	(bv venoottskappe met VGK, maatskaplike werker, kospakkie, ouetehuis, tronk)				ja	Nie in verdere detail bespreek							
Gestuur (wyer as George)													
4.3.13 Uitreike en sending	Meer lidmaatbetrokkenheid by uitreike en sending - insluitend jeug				ja	Nie in verdere detail bespreek							
Instaatstellers													
4.3.10 Finansies en eiendom	Moet effektief bestuur en aangewend word om God se droom vir ons gemeentes te realiseer	Instaatsteller						6	5		2		
4.3.11 Leierskap	Meer sigbare leierskap, beter leierskap identifisering en ontwikkeling	Instaatsteller				1	3	4	1		1		
4.3.12 Kommunikasie & bemarking	Baie meer effektiewe kommunikasie & bemarking	Instaatsteller						4	1	4	5		
4.3.13 Gemeentestrukture en bedieningsmodel	Bedieningsmodel en strukture moet die droom ondersteun	Instaatsteller				Nie in verdere detail bespreek							